# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 5 Julie 2019*

***" If I have seen further it is by standing on the shoulders of giants" Isaac Newton***

## JUNIE - JEUGMAAND

Veels geluk aan Wayne Mansfield, wat met sitrus in Suid-Agter-Paarl in die Wes-Kaap boer, wat die gesogte: "Agricultural Excellence Award: Commercial" gewen het. Wayne is deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou en CGA Grower Development Company (CGA GDC) ondersteun. CGA Direkteur Vangi Titi en CGA GDC se hoofbestuurder Lukhanyo Nkombisa was by die seremonie om Wayne geluk te wens.

Soos jeugmaand (Junie) die einde nader, is dit die moeite werd om na die bydraes te kyk wat die sitrusbedryf (deur die werk van die Citrus Academy) in die jeugontwikkelingsruimte gemaak het. Van die 345 afgevaardigdes wat die vyftien Sitrusproduksie-kortkursusse bygewoon het, was 181 (52%) onder die ouderdom van 35. Sedert 2014 het agtien leerders 'n leerlingskap in Sitrus-ondernemingsbestuur voltooi. As ons na die beursfonds kyk, het die Citrus Academy R20 730 967 tussen 2006 en 2018 uitbetaal; wat net onder 300 studente bevoordeel het. Die Citrus Academy glo in studentesorg - en bied soveel meer as net befondsing. Gedurende hierdie tydperk het die Citrus Academy 67 leerlingskappe voorsien, 18 gegradueerdes geplaas, vakansiewerk vir 106 studente gevind, 'n "Ready, Steady" Werksprogram vir 42 studente aangebied en 140 studente aan bedryfsaktiwiteite soos konferensies en handelsskoue blootgestel.

## SITRUS BESIGHEIDSADMINISTRASIE KORTKURSUS

Die kortkursus in Sitrus Besigheidsadministrasie is ideaal vir almal wat by die sitrusproduksiestelsel betrokke is en wat hulle vaardighede in finansiële rekeningkunde (insluitend begrotings), voorraadbestuur, menslike hulpbronbestuur, produksiebestuur en bemarking wil verbeter. Die kursus is daarop gemik om die deelnemers 'n goeie begrip van hierdie aspekte te gee, wat hulle sal help om beter in hul huidige posisies te presteer en geleenthede vir loopbaanbevordering te skep. Die kursus vorm 'n wegspringplek vir die Sitrus Besigheidsbestuur e-leerprogram, wat lei tot 'n volledige kwalifikasie.

Die Sitrus Besigheidsadministrasie kortkursus is gekoppel aan vyf eenheidstandaarde op NKR - vlak 2, wat beteken dat die kursus tot geregistreerde krediete kan lei, mits u die opsionele assessering onderneem. Die kursus word deur 'n geregistreerde leerverskaffer, Scientific Roets, aangebied. Vir meer inligting, gaan asseblief na die webwerf van die Citrus Academy by https://citrusacademy.org.za/learning-events/citrus-short-courses/business-administration-short-course of skakel Sive Silo by 031 765 33412 / sive @ citrusacademy.org.za

## CRI GEÏNTEGREERDE PLAAG- EN SIEKTEBESTUUR WERKSWINKEL 2019

CRI gaan hul twee dag werkswinkel oor plaag- en siektebestuur aanbied. Registrasie en betaling kan direk op die webwerf gedoen word - www.cri.co.za> Workshop Registrations> IPM & Disease Management Workshop 2019: **LIMPOPO 1:** Die Eiland Letsitele; 27-28 Augustus / **LIMPOPO 2**: Loskop Forever Resort, Groblersdal 29-30 Augustus / **MPUMALANGA**: Kavingo Nelspruit, 3-4 September / **Oos-Kaap:** Africanos, Sondagsrivier; 10-11 September 2019 / **WES-KAAP:** Allee Bleue, Simondium; 12-13 September.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 26 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 13.3 m | 15.4 m | 13.2 m | 11.9 m | 10.5 m | 17.1 m | **15.7 m** | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 7.8 m | 9 m | 9.3 m | 7.4 m | 6.9 m | 18.3 m | 18.3 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 13.9 m | 13 m | 13.6 m | 11.4 m | 10.3 m | 22 m | 21.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 14.3 m | 16.5 m | 13.5 m | 11.7 m | 8.2 m | 26.9 m | 24.5 m | 26.7 m |
| Valencias | 7.2 m | 4 m | 4 m | 1 m | 1.5 m | 52.9 m | 51.8 m | 54.4 m |
| **Totaal** | **56.5 m** | **57.9 m** | **53.6 m** | **43.4 m** | **37.4 m** | **137.2 m** | **131.7 m** | **136 m** |